



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2016**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat ŉ reël na elke antwoord oop.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 30 minute |


9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.



**DIE DONKIE IS 'N WONDERLIKE DING!**

1 Sowat 5 000 jaar gelede is wilde donkies in Afrika mak gemaak. Hulle is toe as pakdiere in die Sahara-woestyn gebruik. Die dele waar hierdie donkies vandaan kom, is warm, droog en bergagtig. Daarom kan donkies goed in sulke toestande as pak- of trekdiere gebruik word.



2 Die donkies wat ons in Suid-Afrika ken, is familie van wilde donkies uit Afrika. Makgemaakte donkies is meer as 300 jaar gelede na Suid-Afrika gebring om op plase te werk. Later is hulle ook in asbes- en diamantmyne gebruik. In Polokwane is daar ŉ standbeeld vir donkies opgerig vir die rol wat hulle in goudmyne gespeel het.



3 Toe die boere trekkers begin gebruik het, is donkies nie meer so baie gebruik nie. Mense het gedink dat donkies nie meer nodig was nie. Baie mense het gedink donkies is sommer net diere wat alles verniel. In die vroeë 1980's is duisende donkies in Bophuthatswana (nou deel van Noordwes) doodgemaak, omdat mense gedink het dat daar te veel donkies was.

4 Donkies se oë sit aan die kant van hul koppe, nes perde s'n. Daarom kan donkies nie goed voor hulle sien nie. Donkies se sterte is lank en het min hare. Hierdie sterte is belangrike "wapens" teen insekte. Donkies se ore is groter en langer as perde s'n. Donkies se bekke is groot en sag en aan hulle tande kan ŉ mens sien hoe oud hulle is. In die winter word donkies se hare dik en lank. In die somer val hulle hare gewoonlik uit.





5 Dis so jammer dat ŉ mens so min van donkies af weet. Donkies is eers volwasse wanneer hulle vier jaar oud is. Hulle behoort nie vroeër te begin werk nie, want hulle spiere en bene is nog nie heeltemal ontwikkel nie en kan maklik seerkry. Maar as hulle goed versorg word, kan hulle tot 50 jaar oud word.

6 Vandag is daar gelukkig organisasies in Suid-Afrika wat donkie-eienaars leer en help om hulle donkies te versorg. Dit is nodig omdat party eienaars nie omgee vir hulle donkies nie. Ander eienaars het weer nie genoeg geld om hul donkies behoorlik te voer of om vir hulle donkies te sorg as hierdie diere siek word of seerkry nie. Hierdie donkies ly dan en kan van moegheid, siektes of honger doodgaan.

7 Soms word donkies van hul eienaars weggevat en na ’n veilige plek geneem waar hulle nie meer hoef te werk en swaar te kry nie. So ’n permanente en veilige blyplek is Eseltjiesrus, buite die dorpie McGregor, in die Wes-Kaap. Hier kan die moeë donkies rus en die verwaarloosde, mishandelde donkies versorg word. Die naam van die plek pas so mooi by sy doel. “Esel” is eintlik die korrekte naam vir ’n donkie en hier rus die donkies regtig.

[Verwerk uit Huisgenoot.com SKOOLTAKE]

1.1 In watter droë gebied in Afrika is donkies 5 000 jaar gelede al as pakdiere gebruik? (1)

1.2 Waarom is makgemaakte donkies vir die eerste keer na Suid-Afrika toe gebring? (1)

1.3 Voltooi die volgende sin deur DRIE woorde uit paragraaf 1 in te vul.

Donkies is gewoond aan omstandighede wat ..., ... en ... is. (3)

1.4 1.4.1 In watter myne in Polokwane is donkies gebruik? (1)

1.4.2 Hoe is die donkies vir hulle werk in hierdie myne vereer? (1)

1.5 Voltooi die sin met EEN WOORD uit paragraaf 3.

Deesdae gebruik boere ... in die plek van donkies. (1)

1.6 Skryf VIER AGTEREENVOLGENDE woorde uit paragraaf 3 neer wat vir ons sê dat mense gedink het dat **donkies net skade aanrig**. (1)

1.7 Watter ooreenkoms is daar tussen die oë van donkies en perde? (1)

1.8 Hoe, dink jy, gebruik donkies hulle sterte as “wapens” teen insekte? (1)

1.9 Voltooi die volgende sin.

’n Donkie se ore is ... en ’n perd se ore is ... (2)

1.10 Waaraan kan jy sien hoe oud ’n donkie is? (1)

1.11 Hoekom, dink jy, word donkies se hare in die winter dik en lank? (1)

1.12 Verduidelik waarom die volgende stelling ONWAAR is.

In Bophuthatswana (nou Noordwes) het die mense baie mooi na hulle donkies gekyk. (1)

1.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (1.13) en die KORREKTE letter (A–D) neer.

Donkies behoort eers te begin werk as hulle ... jaar oud is.

A drie
B vier
C vyf
D ses (1)

1.14 Waarom is dit ŉ goeie ding dat daar organisasies in Suid-Afrika is wat donkie-eienaars help om hulle donkies te versorg? Noem TWEE redes. (2)

1.15 Waarom, dink jy, moet donkies van die eienaars af weggeneem word as die eienaars hulle mishandel? Noem EEN rede. (1)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (1.16) en die KORREKTE letter (A–D) neer.

Watter woord beskryf donkies, soos ons hulle in hierdie teks leer ken, die beste?

A Onvolwasse
B Verwaarloos
C Wild
D Bruikbaar (1)

1.17 Waarom is diere, soos byvoorbeeld donkies wat los rondloop, ŉ gevaar op ons paaie? Noem EEN rede. (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (1.18) en die KORREKTE letter (A–D) neer.

Die figuurlike betekenis van **"donkiewerk"** is dat jy ...

A karretjies en ploeë trek.
B harde, oninteressante werk doen.
C mense en water vervoer.
D sonder betaling werk. (1)


1.19 Waarom kan ons sê dat die titel van hierdie leesstuk gepas is? (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.

## % leerders wat tot graad 12 in die skool bly

- In die grafiek hieronder word daar gekyk na watter % leerders wat graad 1 begin het, uiteindelik tot in graad 12 gevorder het.
- Die jare 2011 tot 2014 word vergelyk. Dis interessant om te weet dat die meeste leerders wat in graad 1 met skool begin, maar nie hul skoolloopbaan voltooi nie, die skool ná gr.10 verlaat.




[Aangepas uit Departement van Basiese Onderwys, Grafika24]

1.20 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

In 2011 en 2013 was die % leerders wat tot graad 12 gevorder het, (verskillend/dieselfde). (1)

1.21 Watter persentasie leerders wat in 2001 graad 1 begin het, het in 2012 gematrikuleer? (1)

1.22 Wanneer verlaat die meeste leerders wat nie tot graad 12 vorder nie, die skool? (1)

1.23 Hoekom, dink jy, word potlode in hierdie visuele teks gebruik? (1)

1.24 Kyk na die figuur in die teks.
Hoekom, dink jy, het die figuur in die teks 'n hoedjie op sy kop? (1)

1.25 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf die vraagnommer (1.25) en die korrekte letter (A–D) neer.

Die figuur in die teks dink aan die ...

A redes waarom baie leerders voor matriek die skool verlaat.
B moontlike loopbane om na matriek te volg.
C vak waarvan hy/sy die meeste op skool gehou het.
D loopbaan waar hy/sy na skool die meeste geld gaan verdien. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

### TEKS C: DINK HIERAAN WANNEER JY 'N SELFIE WIL NEEM

- Som in jou eie SEWE SINNE op waaraan jy moet dink **as jy 'n selfie wil neem**.
- Skryf die SEWE sinne PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.



Kies 'n mooi en interessante agtergrond vir jou selfie, byvoorbeeld 'n natuurtoneel. 'n Selfie van jou in 'n badkamer of by 'n begrafnis is heeltemal verkeerd.

As jy jou selfie in direkte sonlig neem, gaan die selfie dof wees. As jy jou selfie in te min lig neem, gaan jou selfie te donker wees. Daarom moet jy seker maak dat jy jou selfie in goeie lig neem.

Maak seker dat jy die regte klere dra vir die geleentheid wanneer jy jou selfie neem. Wanneer jy na 'n partytjie toe gaan, kan jy jouself in jou mooi klere afneem. Wanneer jy ontspan, moet mense aan jou kleredrag kan sien dat jy ontspan.

Deel 'n spesiale geleentheid met jou vriende. Wanneer jy jou verjaarsdag vier of by die matriekafskeid is, kan jy 'n selfie neem om vir almal te wys hoeveel jy dit geniet.

Het jy 'n nuwe haarstyl, bril of klere? Neem 'n selfie om by jou vriende met iets nuuts te spog. Dit sal vir hulle ook lekker wees om dit te sien.

Mense maak asof hulle slaap, of hulle maak asof die fotograaf hulle onverwags afgeneem het, maar almal weet hierdie foto's is vals. Moenie situasies namaak wat nie bestaan nie.

As jy nie tevrede is met jou selfie nie, kan jy dit verbeter. Jy kan die toepassing "VSCO Cam" gebruik om jou selfie te redigeer.

[Verwerk uit *Die Burger Jip*, Maandag 19 Mei 2014]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3

### TEKS D: ADVERTENSIE

Kyk na die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit *WEG*, Mei 2011]

3.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (3.1) en die KORREKTE woord neer.

Die vrou sê: "Om te kampeer, is lekker!"
Hierdie woorde word gebruik om die leser te (manipuleer/stereotipeer). (1)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies:

Die leesteken na die woord **"JA!"** is ŉ (vraagteken/uitroepteken). (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (3.3) en die KORREKTE letter (A–D) neer.

Hoekom gebruik die adverteerder die voornaamwoorde "jy" en "jou" in die advertensie?

A Die adverteerder ken elke leser persoonlik.
B Dit laat elke leser voel daar word net met hom/haar gepraat.
C Elke kampeerder word soos ŉ bekende behandel.
D Kampeerders ken almal mekaar. (1)

3.4 **"Dis net die vakansie wat jy nodig het!"**

Voltooi die sin:
Hierdie stelling is ŉ MENING, want ... (1)

3.5 Die woord "vakansie" bestaan uit die volgende LETTERGREPE:
va – kan – sie.

Verdeel nou die woord "<u>September</u>" in LETTERGREPE. (1)

3.6 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Ons vakansie-oorde is die (goed) in die land. (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (3.7) en die KORREKTE letter (A–D) neer.

Voltooi die vergelyking hieronder.

Al is jy so arm soos ŉ ... , kan jy steeds by ons vakansie-oorde kampeer.

A bedelaar
B kerkmuis
C weeskind
D werklose (1)


3.8 Noem TWEE maniere waarop die advertensie dadelik die leser se aandag trek. (2)

3.9 Wie, dink jy, sal op hierdie advertensie reageer? (1)
**[10]**

## VRAAG 4

### TEKS E: SPOTPRENT

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit *Beeld,* 2013]

4.1 Kies die KORREKTE UITROEP tussen hakies.

(Ag tog!/Hoera!) Gertjie het alweer nie geslaag nie. (1)

4.2 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Gertjie sê vir sy pa: "Ek voel nie sleg nie."
**Begin só**: Gertjie sê vir sy pa dat ... (1)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (4.3) en die KORREKTE letter (A–D) neer.

Engeland **kon nie die paal haal nie**, beteken dat ...

A die spelers te moeg was om klaar te speel.
B baie van hulle paaltjies geval het.
C baie van die spelers nie goed gespeel het nie.
D hulle die wedstryd verloor het. (1)

4.4 Gee die KORREKTE AFRIKAANSE woord vir die woord tussen hakies.

Gelukkig lees Gertjie darem die (nuuspapier). (1)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die pa se lyftaal wys vir ons dat hy (hartseer is oor/tevrede is met) Gertjie se matriekuitslae. (1)

4.6 Verander die onderstaande sin in ŉ VRAAGSIN, sodat die onderstreepte deel van die sin die antwoord is.

<u>Engeland se krieketspan</u> kon ook nie 50 lopies kry nie. (1)

4.7 Gee ŉ ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Die stoom wat uit die koffiebeker trek, wys vir ons dat die koffie (koud) is. (1)

4.8 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Daar staan ŉ klein (skinkbord) op die tafel. (1)

4.9 Kies die KORREKTE VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Gertjie se pa weet nie hoe om (hy/hom/sy) te motiveer nie. (1)

4.10 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Pa en Gertjie gesels. Hulle drink koffie. (terwyl) (1)
**[10]**

## VRAAG 5

### 5.1 TEKS F: LEESTEKS

**ONGESONDE GEWOONTES MAAK 'N MENS SIEK**

Die manier (5.1.1) (op wat/waarop) mense vroeër jare geleef het, het hulle siek gemaak.

Voor die (5.1.2) 18de eeu het mense baie makliker ernstig siek geword as vandag. Mense se huise, klere en omgewing was dikwels (5.1.3) (veil/vuil). Hulle het **nie** geweet dat dit siektes kan veroorsaak (5.1.4) __. Die mense het hul vullis sommer (5.1.5) (in/aan) die straat uitgegooi.

Die (5.1.6) reën + water moes die vullis wegspoel. Die vullis wat nie weggespoel is nie, het (5.1.7) sleg reuke veroorsaak. Deesdae word ons vullis gereeld verwyder en ons hou ons huise (5.1.8) skoon, veral waar ons kos maak.

Ons weet ook dat dit belangrik is (5.1.9) (... gesonde kos ... eet) as jy gesond wil wees. Te min vars (5.1.10) beet, aartappels, spinasie en wortels en vrugte laat 'n mens moeg voel.

Baie (5.1.11) kind is sieklik en onfiks. Hulle kry nie genoeg oefening nie omdat hulle (5.1.12) (sit) (elke dag) (voor die televisie).

Te veel spanning en die misbruik (5.1.13) van alkohol is ongesond. Dit veroorsaak dat (5.1.14) (die/'n) mens makliker siek word.

[Verwerk uit Huisgenoot.com SKOOLTAKE, 2014]

5.1.1 Kies die KORREKTE woord(e) tussen hakies. (Reël 1) (1)

5.1.2 Skryf die TELWOORD (18de) in woorde. (Reël 3) (1)

5.1.3 Gee die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies. (Reël 5) (1)

5.1.4 Vul die ONTBREKENDE woord in. (Reël 6) (1)

5.1.5 Kies die KORREKTE VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 6) (1)

5.1.6 Gee die KORREKTE SAMESTELLING van "reën + water". (Reël 8) (1)

5.1.7 Gee die KORREKTE VORM van "sleg". (Reël 9) (1)

5.1.8 Gee die INTENSIEWE VORM van "skoon". (Reël 10) (1)

5.1.9 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sinsdeel oor.

... gesonde kos ... eet. (Reël 12) (1)

Kopiereg voorbehou

5.1.10 Gee EEN WOORD vir "beet, aartappels, spinasie en wortels". (Reël 13) (1)

5.1.11 Gee die KORREKTE MEERVOUD van "kind". (Reël 15) (1)

5.1.12 RANGSKIK die woord(e) tussen hakies in die korrekte VOLGORDE. Skryf die sinsdeel oor. (Reël 16)


... omdat hulle (sit) (elke dag) (voor die televisie). (1)

5.1.13 Gebruik die woord "van" in 'n sin sodat dit 'n ander betekenis het. (Reël 17) (1)

5.1.14 Kies die KORREKTE LIDWOORD tussen hakies. (Reël 18) (1)

5.2 **TEKS G: PRENT**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.



[Uit *Izakhono Zobomi*]

5.2.1 Die gesin gebruik (gas/elektrisiteit) in hulle kombuis. (1)

5.2.2 Die pot staan (op/langs) die stoof. (1)

5.2.3 Die (vadoek/handdoek) hang bokant die bad in die badkamer. (1)

5.2.4 Die (rooster/verwarmer) staan op die vloer in die kombuis. (1)

5.2.5 Die televisie is (afgeskakel/aangeskakel). (1)

5.2.6 Daar is vrugtesap in die (ketel/beker) wat op die kombuistafel staan. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae. Beantwoord NET die vraag oor die stories wat jy behandel het.

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: 'DIE RAMP' (20)**
**VERHAAL B: ' ’N MAN KOM TUIS' (20)**

**OF**

**VERHAAL A: 'LEUENS' (20)**
**VERHAAL B: 'TANT NELIE SE VEERPLUIME' (20)**

### VRAAG 6

**VERHAAL A: 'DIE RAMP' (20)**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Die kinders het baie gehuil, veral die twee kleinstes. Hulle het almal vas geglo dat hulle ma gaan sterf en dat hierdie terugreis per motor sonder haar die begin van ’n groot komende ramp is. Ek het hard probeer troos en al reisende half ongeduldig gedink: Wat kan mens tog nie tref nie.<br>***<br>Die rit was moeilik. |

6.1 Hoekom het die verteller se vrou met die vliegtuig teruggegaan Port Elizabeth toe? (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (6.2) en die korrekte woord neer.

| |
|---|
| lang; moeilike; vreemde |

Die rit huis toe al langs die kuspad was vol draaie en passe. Hierdie kuspad kan dus as ’n … pad beskryf word. (1)

6.3 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.3.1–6.3.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.3.1 | Humansdorp | A | Die verteller en sy gesin het daar vakansie gehou. |
| 6.3.2 | Swellendam | B | Die verteller het sy motor daar laat herstel. |
| 6.3.3 | Jeffreysbaai | C | Die verteller kon daar nie aspirine vir die siek kind kry nie. |
| 6.3.4 | Houtbaai | D | Die jongste kind het daar ŉ hoë koors ontwikkel. |
| | | E | Die verteller het daar ŉ steenbokkie gestamp. |

(4 x 1) (4)

6.4 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Niemand het stilgehou om die verteller te help nie.
- ŉ Klein, geel Mini-stasiewaentjie het stilgehou.
- Die motor se enjin het baie warm geword.
- Die verteller en sy oudste seuntjie het in die reën gestaan. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Baie ondersoekend kyk hy na die siek enetjie.
>
> ***
>
> Toe begin hy spraaksaam raak.
> “Meneer, ek sal alles moontlik vir jou doen. Ek ry terug en gaan haal ŉ insleepmotor vir jou op Humansdorp. Wees gerus. Ek gaan jou nie in die steek laat nie.”
> Die ure gaan soos eeue verby. Uiteindelik kom my weldoener saam met die insleepmotor daar aan.
> Ek vra dat ek liefs na Port Elizabeth gesleep moet word, al is Humansdorp nader.
> Uit blote nuuskierigheid of uit verligting loer die drie van ons by my motor se enjin in.
> Ons buk aldrie vooroor.

6.5 Hoekom, dink jy, kan ŉ mens sê dat die weldoener iemand was wat nie net aan homself gedink het nie? (1)

6.6 Hoe het die weldoener die verteller se siek kind gehelp? (1)

6.7 Gee EEN rede hoekom jy dink die verteller reg was toe hy gevra het om liewer na Port Elizabeth gesleep te word. (1)

6.8 Wat het gebeur toe die verteller die weldoener per ongeluk op die neus gestamp het? (1)

6.9 Die verteller was baie bly dat hy nie nodig gehad het om vir die weldoener se hulp te betaal nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.10 Hoekom kon die verteller nie goed sien toe hy deur die Van Stadenspas gery het nie? (1)

6.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.11) en die letter (A–D) neer.

Die **oë boei my**, en die bruin gesig soos van iemand wat baie in die son gewerk het.

As die verteller sê die weldoener se **oë boei** hom, bedoel hy dat die weldoener …

A stip na hom gekyk het.
B se oë sy aandag gehou het.
C kwaai na hom gekyk het.
D se oë hom banggemaak het. (1)

6.12 Noem TWEE dinge wat die verteller kon gedoen het om seker te maak dat hy goed voorbereid was vir die lang pad huis toe. (2)

6.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.13) en die letter (A–D) neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is …

A gehoorsaamheid aan padreëls.
B goeie maniere teenoor ander padgebruikers.
C die hantering van noodsituasies.
D diens aan jou medemens. (1)

**EN**

Kopiereg voorbehou

**VERHAAL B: ' ’N MAN KOM TUIS' – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Ek het nog skaars die linkerruit afgedraai toe steek hy sy kop deur die venster. “My van is Gouws en ek werk op die pad en ek gaan na my vrou en kinders toe …”<br>Ek nooi hom saam en ons ry. Hy sit baie kordaat en regop langs my, ŉ klein koffertjie op die skoot, ŉ week se baard op sy wange en ŉ tamaai glimlag om die mond. Sy ander bagasie – ŉ paar los pakkies en ŉ halwe sakkie lemoene – lê agter op die sitplek.<br>“Ons is besig met die pad Skurweberg toe.” |

6.14 Gouws het baie huis toe gegaan.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.15) en die letter (A–D) neer.

“ ’n **klein** koffertjie op die skoot” (reël 3) en “ ’n **tamaai** glimlag om die mond” (reël 4) is ŉ voorbeeld van …

A kontras.
B ŉ metafoor.
C ŉ vergelyking.
D personifikasie. (1)

6.16 Noem EEN rede waarom dit harde werk is om paaie te maak. (1)

6.17 Waarin het Gouws gewoon terwyl hy besig was om aan die paaie te werk? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Die son was aan die sak toe ons die dorp nader waar hy moes afklim. Daar was nog grys reënbanke wes van ons, maar óm ons het die bulte klam gelê en stowe in die geel middag.<br>My passasier het begin stiller raak. Maar ek kon sien hy is opgewonde. Hy het kort-kort op sy horlosie gekyk en ŉ paar keer oorgeleun na my kant toe om die snelheidsmeter onder oog te kry. |

6.18 Op watter dorp woon Gouws se vrou en kinders? (1)

6.19 Kies die KORREKTE antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf die vraagnommer (6.19) en die korrekte woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| afskeid; | byeenkoms; | verwelkoming |

Gouws wou in die hoofstraat afgelaai word, sodat sy gesin hom kon sien aankom. Dit is deel van hulle spesiale … (1)

6.20 Gouws het altyd vir elkeen van die gesin ietsie huis toe gebring as hy gaan kuier het. Wat het hy hierdie keer vir sy vrou saamgebring? (1)

6.21 Sou jy iemand langs die pad opgelaai het soos die verteller? Antwoord JA of NEE en gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

6.22 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Gouws het die bagasie laat val en twee van sy kinders opgetel.
- Die hond het Gouws sien aankom en begin blaf.
- Die hele gesin het saam al die pakkies weer bymekaargemaak.
- Die vrou en kinders het Gouws tegemoet gehardloop. (4)

6.23 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.23.1–6.23.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.23.1 Die verteller | A … het laaste agterna gedraf om die man te ontmoet. |
| 6.23.2 Gouws | B … was ŉ slimkop. |
| 6.23.3 Gouws se vrou | C … was gewoond daaraan om lang ente alleen te ry. |
| 6.23.4 Petrus | D … was nie meer baie jonk nie. |
| | E … was op pad Kaapstad toe. |

(4 x 1) (4)

6.24 Hoekom pas die titel so goed by die verhaal? (1)

6.25 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.25) en die letter (A–D) neer.

Watter les het Gouws vir jou in hierdie verhaal geleer?

A ŉ Mens moet altyd jou werk getrou doen, al is jy nie by die huis nie.
B ŉ Mens wat weg van die huis af werk, moet gereeld huis toe gaan.
C ŉ Mens moet altyd probeer om iemand anders te help waar jy kan.
D ŉ Mens moet dankbaar wees en nie kla as dinge soms moeilik is nie. (1)

6.26 Gee TWEE redes waarom dit vir enige gesin moeilik is as die pa of die ma ver van die huis af moet werk en die gesin nie gereeld sien nie. (2)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 7

## VERHAAL A: 'LEUENS' – CM van den Heever

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| "Ja," sê Olga, "ek ontmoet nou die dag nog vir Hester, toe gesels ons oor jou. Sy vertel my toe dat jy nou in Johannesburg woon. Dis darem lank laas dat ons mekaar ontmoet het! Wag, laat ek sien. Dis mooi tien jaar gelede dat ons laas met mekaar gesels het. Dit was darem lekker dae saam op die kosskool, nè? Partymaal wens ek dat ons weer van dié dae saam kon belewe. Maar vertel my van jou. Wat doen jou man? Waar woon julle?"<br>Weer die dodelike vrae wat ontwyk moet word. |

7.1 Waarom het Naomi leuens oor haar lewe vertel? (1)

7.2 Watter werk het sy vir Olga gesê doen haar man? (1)

7.3 Waar in Johannesburg het Naomi gewoon? (1)

7.4 Naomi was van kleinsaf gewoond aan armoede.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.5 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Naomi het vir haarself 'n rok gemaak om tydens die besoek te dra.
- Olga het vir Naomi met die motor teruggeneem tot in Westcliff.
- Olga het vir Naomi genooi om die Woensdagmiddag by haar te kom kuier.
- Naomi het met die bus na Olga se huis in Saxonworld gery. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Naomi sien die agterdogtige blik in haar vriendin se oë en verward groet sy, bedank ... is op pad, terwyl sy in haar hart weet dat dit tussen hulle twee vir ewig uit is, dat dinge nooit meer sal word soos dit was nie. Die motor van haar vriendin glans reeds by die draai om. Dit is of al die onwaarhede, die huigelary plotseling in Naomi se gees soos afskuwelike drake opstaan. Sy verag haarself, haar vriendin ... Sy haat die hele wêreld. |

7.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.6) en die letter (A–D) neer.

"Dit is of al die onwaarhede, die huigelary plotseling in Naomi se gees **soos afskuwelike drake opstaan**" (reël 5) is 'n voorbeeld van ...

A kontras.
B 'n metafoor.
C 'n vergelyking.
D personifikasie. (1)

7.7 Kies die KORREKTE antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (7.7) en die korrekte woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| armoedige: | goeie; | ryk |

Naomi het vir Olga gesê om haar in Westcliff af te laai, want sy wou nie hê Olga moes weet dat sy in ŉ … area woon nie. (1)

7.8 Wie het vir Naomi gelag toe sy sopnat by die huis aankom? (1)

7.9 Kies elke keer die beskrywing uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.9.1–7.9.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.9.1 Naomi | A ... het gerook. |
| 7.9.2 Olga | B ... wou die beste vir die seuntjie hê. |
| 7.9.3 Naomi se buurvrou | C ... was ŉ rekenaarspesialis. |
| 7.9.4 Naomi se man | D ... het graag geskinder. |
| | E ... het klere aan die armes uitgedeel. |

(4 x 1) (4)

7.10 Hoekom pas die titel so goed by die verhaal? (1)

7.11 Hoekom, dink jy, was dit verkeerd van Naomi se man om met haar te raas omdat sy laat by die huis gekom het? (1)

7.12 Noem TWEE redes waarom Naomi nie leuens moes vertel het nie. (2)

7.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.13) en die letter (A–D) neer.

Wat is die tema van hierdie verhaal?

A Vriendskap
B Eerlikheid
C Nederigheid
D Ydelheid (1)

**EN**

**VERHAAL B: 'TANT NELIE SE VEERPLUIME' – Henriette Grové**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> So is ek daar weg. Toe wou ek vir Ma ompraat om na tant Nelie toe te gaan. Maar daarvan wou Ma niks hoor nie …
> Dan sou ek na Ursa gaan. Van almal wat ek geken het, was sy die enigste wat my werklik sou help. En sy moes dit doen. Kit het al weer twee keer saam met Daan Strydom gegaan.
> Ek en Ursa het die saak lank bepraat. Eers was dit sus en so; dan sê sy dit en ek dat, maar …

7.14 7.14.1 Wat wou Peet van tant Nelie gehad het? (1)

7.14.2 Waarom wou Peet dit so graag gehad het? (1)

7.15 Wat het Peet en Ursa besluit om te doen? (1)

7.16 Kies die KORREKTE antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (7.16) en die korrekte woord neer.

| slim; | hardwerkend; | behulpsaam |
|---|---|---|

Peet was seker dat Ursa hom sou help, want sy was ... (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die geur van laventel in die moeseliensakkies was die kamer vol. Ursula het al dieper en dieper afgegaan. Naderhand het sy op haar knieë gestaan en ek het afgekyk op die swaar vlegsels wat in haar nek gelê het. Agter ons was die kamer donker. Net in die een hoek het die kersvlammetjies gedans in die drie spieëls van die kas.
> “Hier is dit, Peet,” en sy hou ’n boek met ’n lap-oortreksel op. Daarby is ’n pakkie in dun wit papier toegedraai.

7.17 Wat was in die pakkie wat in die wit papier toegedraai was? Noem EEN ding. (1)

7.18 Hoekom was dit verkeerd van Peet en Ursula om in tant Nelie se kamer te krap? (1)

7.19 Wat sou jy gedoen het as jy tant Nelie was en jy het gesien wat Peet en Ursula gedoen het? (1)

7.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.20) en die letter (A–D) neer.

" ... **het die kersvlammetjies gedans** in die drie spieëls van die kas." (reël 4) is ŉ voorbeeld van ...

A simboliek.
B ŉ metafoor.
C personifikasie.
D ŉ vergelyking. (1)

7.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Tant Nelie het gesê dat Peet die resepteboek moes hou.
- Peet het sy fout agtergekom en teruggegaan na Ursula toe.
- Tant Nelie het Peet en Ursula in haar kamer betrap.
- Kit het vir die eerste keer tant Nelie se veerpluime gebak. (4)

7.22 Tant Nelie het vir Ursula van kleinsaf geleer om veerpluime te bak.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.23 Kies elke keer die dialoog uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf die vraagnommer (7.23.1–7.23.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.23.1 Kittie | A "Dis nie te koop nie." |
| 7.23.2 Peet se ma | B "... maar dit was dit nie werd nie." |
| 7.23.3 Tant Nelie | C "Sy bêre dit vir my as ŉ troupresent." |
| 7.23.4 Ursula | D "Wag tot Saterdag, dan sal ek jou sê." |
| | E "Dis kinderagtig ... 'n grootmens gaan nie so aan nie." |

(4 x 1) (4)

7.24 Gee TWEE redes waarom dit verkeerd is om 'n persoon te manipuleer om iets te doen wat nie reg is nie. (2)

7.25 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.25) en die letter (A–D) neer.

Watter boodskap word deur hierdie kortverhaal oorgedra?

A Dit is verkeerd om moeilikheid tussen familielede te veroorsaak.
B Luister na ander mense se raad voor jy verkeerde dinge doen.
C Moenie dat ander mense jou ompraat om verkeerde dinge te doen nie.
D Probeer altyd jou bes om te kry wat jy wil hê. (1)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou